2021-01-14

KENNISGEWING VANUIT DIE REKTOR SE KANTOOR

Beste Aros-studente

Alhoewel 2021 nie begin het soos wat ons verwag het nie en daar noodgedwonge veranderinge aan die jaarbeplanning aangebring moes word, sien Aros se personeel met opgewondenheid daarna uit om aan alle Aros-studente gedurende hierdie uitdagende jaar, soos in die verlede, uitstekende onderrig en ondersteuning te bied tot eer van ons Hemelse Vader.

In die lig van die tweede Covid-19 golf wat Suid-Afrika tans beleef en Aros se besorgdheid oor studente en personeel se gesondheid en veiligheid, is die volgende besluite geneem ten opsigte van die program van die eerste semester:

1. SENIOR STUDENTE

1.1 Registrasie:

Studente word daaraan herinner om voor of op **22 Januarie 2021** aanlyn te registreer. Dit sluit studente met sleepmodules in.

1.2 AFRL111-plasingstoetse vir senior studente op 18 en 19 Januarie 2021:

Tweede- tot vierdejaarstudente se fisiese toetsaflegging op kampus word hiermee gekanselleer en die plasingstoetse sal soos volg hanteer word:

Alle plasingstoetse vir die AFRL111-module word aanlyn gedoen. Dit vorm deel van die leesmodule se opstelproses. Gevolglik sal die aantekenbesonderhede aan elke student persoonlik gestuur word na registrasie. Maak asseblief seker dat die e-posadres en selfoonnommer waarop u gekontak kan word, korrek is.

2. EERSTEJAARSTUDENTE

2.1 Registrasie in Januarie:

Eerstejaarstudente se registrasie sal nie meer fisies op die kampus plaasvind nie, maar studente kan vanaf **15 tot 22 Januarie 2021 aanlyn** registreer. Neem asseblief kennis dat die betalingskakel reeds oop is en u word aangemoedig om betaling af te handel alvorens die registrasieskakel sal open.

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.

2.2 AFRL111-plasingstoetse:

Die verpligte plasingstoets is 'n onvoorbereide toets (25 minute) wat studente doen ten einde hulle leesspoed te bepaal sodat dit op die regte vlak op die leesprogram gekoppel kan word.

Hierdie toets sal nie meer fisies op 19 en 20 Januarie 2021 op die kampus afgelê word nie, maar dit sal soos volg geskied:

Na registrasie sal 'n instruksie persoonlik aan elke student gestuur word. Maak asseblief seker dat die kontakbesonderhede wat verskaf is, korrek is, nl. u e-posadres en selfoonnommer. Die plasingstoets word aanlyn gedoen en gaan die leeslesse vooraf. Hierdie toets is verpligtend. Na afhandeling van die plasingstoets kan die module op die student se eie skedule gedoen word, met verpligte rusperiodes tussen elke les.

2.3 IWIS-vrystellingstoets:

Studente wat BEd in Intermediêre Fase-onderrig (Sosiale Wetenskappe en Lewensvaardighede) volg, word vir IWIS111 geregistreer.

Hierdie toets is twee uur lank. Dit het ten doen om die studente se wiskundige vlak te bepaal. Verder wil die toets bepaal of die student genoeg kennis het om vrystelling van die module te kry. Die toets handel oor herleiding, eweredigheid, verhoudige, eksponentewette, omtrek, oppervlakte, volume, totale buite-oppervlakte, getalpatrone en datahantering.

Hierdie toets is gratis en vrywillig **(dus nie verpligtend nie)**.

Die toets vind aanlyn op **19 en 20 Januarie 2021** om **11:00 tot 13:00** en **13:30 tot 15:30** plaas. Dit is belangrik dat studente wat die toets wil skryf daarvoor registreer aangesien hulle name by 'n sessie op e-klas gevoeg moet word. Studente wat reeds geregistreer het, hoef nie weer vir 'n sessie te bespreek nie. Die skakel vir hierdie vrystellingstoets sal op die studenteportaal by https://aros.ac.za/student/studentenommer verskyn indien 'n student hierdie module neem.

Studente wat die toets aflê en 'n punt van ten minste 65% behaal, ontvang outomaties hierdie punt as 'n finale punt vir IWIS111 en hoef dus nie hierdie module te neem nie en betaal ook nie vir die module nie.

2.4 E-Klasoriëntering:

E-Klas is die aanlynleerbestuurstelsel wat by Aros deur studente gebruik word en is by die volgende webtuiste beskikbaar: https://eklas.aros.ac.za

E-Klas- en Studenteportaaloriëntering, soos geskeduleer op kampus op 19 en 20 Januarie 2021, word na 'n aanlyn platform verskuif en sal as volg aangebied word:

2.4.1 E-Klas aanmelding en oriëntering:

Studente gaan binne 24 uur nadat hulle aanlyn geregistreer het 'n e-pos ontvang met hulle nuwe Aros e-posadres en wagwoord. Hierdie nuwe Aros e-posadres gaan voortaan gebruik word vir alle kommunikasie aan studente. Dit moet ook voortaan gebruik word om by e-Klas aan te teken.

a. Kliek hier om die e-Klas aanmeldaanbieding vir e-Klas oop te maak: (https://prezi.com/view/i4M5kKKVrRY6Vmu6ct0O/).
b. Meld aan by e-Klas deur u Aros e-pos adres en wagwoord te gebruik.
c. Rol af tot by die module "e-Klas oriëntering" en maak dit oop.



d. Werk deur die module ten einde met die inhoud vertroud te raak.

2.4.2 Studenteportaaloriëntering:

Studente het reeds deur die loop van die aansoekproses met die Studenteportaal te doen gehad. Die Studenteportaal is beskikbaar by die volgende skakel:

https://aros.ac.za/student/studentenommer

Die wagwoord is u ID-nommer.

Vir enige navrae, kan u 'n e-pos stuur na eklas@aros.ac.za

3. FINANSIëLE VEREISTES VIR REGISTRASIE

Alle studente se registrasiegelde moet betaal wees voordat die skakel om te registreer vir die 2021 akademiese jaar oopgemaak word.

Tweede- tot vierdejaarstudente se 2020 agterstallige gelde moet ten volle betaal wees voordat hulle kan registreer.

Betaling kan soos volg gemaak word:

- Aanlyn (PayFast);
- Elektroniese oorplasing ("EFT");
- Kontant of per bankkaart by die Finansieskantoor op kampus te **Besembos**.

Gebruik asb. die studentenommer as verwysing met enige inbetaling wat aan Aros gedoen word. Moet asb. nie jou ID-nommer of naam en van as verwysing gebruik nie.

Let asseblief daarop dat dit tussen twee en drie werksdae kan neem vir 'n betaling om te vertoon.

Bewyse van betaling kan per e-pos na rekeninge@aros.ac.za of na marissa.bakker@aros.ac.za gestuur word.

4. AANBIEDING VAN LESINGS VIR EERSTE SEMESTER 2021 (EERSTEJAAR- EN SENIORSTUDENTE)

Akademiese lesings en assesserings sal **aanlyn** plaasvind.

Studente word gevolglik versoek om te verseker dat hulle 'n rekenaar met 'n werkende mikrofoon en kamera het en dat hulle oor voldoende internettoegang/data beskik.

4.1 Diploma, Grondslag- en Intermediêre Fase:

Aanlynlesings begin op 29 Januarie 2021.

Dosente sal verseker dat die betrokke lesing teen Vrydagmiddae op e-Klas beskikbaar is. Die studente kan self kies wanneer hulle die lesing gaan besigtig. Dit stel studente in staat om hulle eie individuele roosters op te stel.

4.2 Senior Fase (SF) en Verdere Onderwys en Opleidingsonderrig (VOO):

Die SF en VOO se modules word volgens die rooster in blokke afgehandel. Lesings sal aanlyn aangebied word en nie meer op Dinsdae en Woensdae op kampus nie. Die lesaanbiedings sal elke Maandag voor 12:00 op e-Klas vir studente beskikbaar wees.

5. NGOS-STUDENTE

5.1 Registrasie:

NGOS-studente kan reeds vanaf 6 Januarie 2021 aanlyn registreer en het geleentheid om te registreer tot en met **22 Januarie 2021**.

5.2 Aanbieding van lesings:

Die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) word aanlyn aangebied en die modules in blokke volgens die rooster afgehandel. Daar sal 'n oriënteringsbrief met belangrike inligting aan alle studente versend word. Die leermateriaal sal een week voor die moduledatum op die rooster aan studente op e-Klas beskikbaar gestel word.

6. EERSTEJAARSBEKENDSTELLINGSPROGRAM

Alhoewel daar geen eerstejaarsbekendstellingsprogram op kampus gaan plaasvind nie, word studente versoek om op **22 Januarie 2021** op die portaal na die ***Aros101-gids*** vir 2021 te bestudeer. Hierdie dokument bevat belangrike inligting en beantwoord alle vrae wat 'n eerstejaarstudent moontlik kan hê!

7. EERSTEJAARSKAMP

Die eerstejaarskamp wat vir 22 tot 24 Januarie 2021 geskeduleer was, is gekanselleer.

8. AKADEMIESE OPENING

Die akademiese opening sal virtueel op **29 Januarie 2021** beskikbaar wees en sal die volgende bevat: 'n inspirerende openingsboodskap deur Ds. Jonker Venter van die Gereformeerde kerk Totiusdal, 'n verwelkomingsboodskap en amptelike opening van die akademiese jaar deur Prof. Rikus Fick, Aros se rektor, en Zoné Oberholzer, die SR-voorsitter.

Ons merietelyswenners se name sal deur vise-Rektor, Prof. Michael Heyns aangekondig word en merietelyswenners kan binnekort briewe met meer besonderhede verwag.

9. GRADEPLEGTIGHEID

Reëlings aangaande die gradeplegtigheid wat vir **10 Maart 2021** geskeduleer is, sal direk aan graduandi deurgegee word.

10. PRAKTIESE ONDERWYS 2021

Praktiese onderwys sal normaal in 2021 voortgaan. Kyk asseblief na die betrokke module vir Onderwyspraktyk se 2021-studiebrief op e-Klas vir belangrike inligting en datums – alle studiebriewe sal binnekort op e-Klas verskyn.

Portefeuljes en gidse sal **slegs** op e-Klas beskikbaar wees. **Skoolplasing- en kritlesinligting**, soos van toepassing op 2021, sal op die portaal verskyn. Verwys na die ***Aros101-gids*** op die Studenteportaal vanaf **22 Januarie 2021** vir al die onderwyspraktykprosesse wat gedurende die jaar plaasvind.

Studente sal op skrif inligting ontvang indien daar enige veranderinge gedurende 2021 gaan plaasvind. Amptelike kommunikasie aan studente sal per e-pos, die Studenteportaal of op e-Klas geskied.

11. DIE AANKOOP VAN HANDBOEKE BY BOEKENHOUT BOEKWINKEL

Handboeke kan vanaf **18 Januarie 2021** bestel word by boekenhout@aros.ac.za of op die aanlyn Boekwinkel: http://aros.esolve.co.za

Handboeklyste kan op die Studenteportaal besigtig en afgetrek word, maar slegs nadat die student **se registrasie as student aan Aros gefinaliseer is.**

Sou u per e-pos bestel, moet u aandui of u die boeke persoonlik by die boekwinkel op die kampus gaan kom afhaal en of dit aan u per koerier aangestuur moet word. Koerierkoste sal op die kwotasie aangebring word en ons benodig 'n korrekte straatadres en selfoonnommer om te verseker dat die boeke korrek afgelewer word.

Sou u via die aanlyn boekwinkel bestel, moet u eers registreer as 'n gebruiker van die aanlyn boekwinkel (http://aros.esolve.co.za). U kan ook daarop die keuse uitoefen of die boeke by die boekwinkel afgehaal gaan word en of dit per koerier aangestuur moet word. U sal weer eens van 'n kwotasie voorsien word.

BELANGRIK: Gebruik asb u studentenommer met alle bestellings. Om handboeke te bestel word handboekname benodig en nie modulekodes nie.

Dit is ook belangrik dat u met u bestelling aantoon op watter manier u die betaling vir die handboeke sal maak.

U word verder versoek om, wanneer u handboeke self kom afhaal, te verseker dat u die korrekte handboek/e ontvang het, aangesien boeke wat verkeerdelik uit die boekwinkel geneem is, nie teruggeneem sal word nie.

Die boekwinkel hou slegs 'n sekere aantal handboeke aan en studente word daarop gewys dat handboeke ook by ander boekwinkels met die nodige voorraad aangekoop kan word.

Eerstejaarstudente sal saam met hulle handboeke 'n gratis **verwysingsgids** ontvang.

12. ONDERSTEUNING DEUR STUDENTESAKE

Studentesake bied 'n verskeidenheid dienste aan wat gefokus is op studente se persoonlike -, emosionele welstand en akademiese sukses.

Deur die loop van die semester word aanlyn-werkswinkels aangebied en daar is selfs beradingsdienste vir studente beskikbaar. U word versoek om gereeld te kyk na die **Studentesake-blad op e-Klas** en die "nuusblokkie" op die Studenteportaal vir meer inligting in hierdie verband.

Aanlyn-afsprake is ook tot studente se beskikking. Afskaprekan deur middel van hierdie skakel met die studente-ondersteuningskoördineerder gemaak word deur op die volgende skakel te kliek: Afspraakstelsel. Laastens is daar ook 'n Navrae/Klagte/Gedagte skakel op die studenteportaal waarvan studente gebruik kan maak.

Indien u oor enige iets onseker voel, is u welkom om Studentesake te kontak:

Me. Maretha Lubbe - maretha.lubbe@aros.ac.za
Me. Jeanine Heath - jeanine.heath@aros.ac.za

13. BIBLIOTEEK

Omdat ons sitplek en algemene ruimte in die biblioteek beperk is en dit 'n risiko inhou, moet ons die volgende reëlings tref vir besoeke aan die biblioteek:

Alle studente word versoek om die biblioteek slegs per afspraak te besoek. Daar is 'n skakel op die Studenteportaal waar jy 'n aanlynbespreking kan doen om die biblioteek

te besoek. Die biblioteekure is van 08:00 tot 16:00 Maandag tot Vrydag.

14. KONTAKBESONDERHEDE VIR NAVRAE

Vir enige algemene navrae ten opsigte van die inhoud van hierdie dokument, kan u 'n e-pos stuur na: info@aros.ac.za

15. SLOTWOORD

Aros is baie trots op die wyse waarop ons verlede jaar, te midde van die Covid-19 pandemie, die akademiese program kon afhandel. Danksy bekwame en toegewyde personeel wat hulle werk as 'n roeping van die Here sien, het studente hulle klasse ontvang en toetse en eksamens sonder belemmering afgelê. Die ondervinding wat ons daarmee opgedoen het, stel ons in staat om dit hierdie jaar nog beter te doen.

In beginsel stel Aros die kontak tussen studente en personeel in 'n klaskamersituasie as hoogste prioriteit en ons sien baie daarna uit om dit so spoedig as moontlik te hervat. Tot dan sal ons ons uiterste bes doen om die aanlynmetode van onderrig-leer so glad as moontlik te laat verloop. Aros gee om vir sy studente en luister graag na wat hulle sê.

Ek wens elke student sukses toe. Mag ons hierdie jaar die Here se seën en genade op 'n besonder manier ervaar te midde van omstandighede wat ons graag anders sou wou hê.

Die uwe,

Prof PH Fick
Rektor
14 Januarie 2021

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.